

# My Hemelhuis.



Deur, Marie Botha, tydens hulle verblyf in London, Engeland, 2001.



# My Hemelhuis

**Dit is grou en mistig. Dit reën. Buite swiep ‘n yskoue wind en kom skop dan nes iewers tussen murg en been... ‘n Warm gevoel kom lê in my binneste. In die Hemel sal ons nooit weer donker, koue dae beleef nie. Nag is daar nie meer nie en die Heerlikheid van God sal self die plek vul! ... Ons besoek Windsor Kasteel vandag. Reeds van vêraf kan ek al die kasteel uit die treinvenster sien, en vandat ek my eerste tree op sy klipperige strate gee, met sy eeue-oue geboue, is ek verlief op die dorp. Windsor is voorwaar ‘n pragtige plek! Die trein stop in die dorp. As ons die trein verlaat is daar ‘n rits koffiewinkels op die linkerkant en op regterkant nog winkels. Links van ons is ‘n hele rylaan boompies, gesnoei in die oulikste vormpies, een lyk glad soos ‘n hondjie.**

Wanneer ons die klipperige straat agter ons laat, lê die kasteel groot en majestieus voor ons. In die straat links van ons lê die res van die dorpie met die Teemsrivier wat daardeur vloei. Regs is ook nog ‘n deel van die dorp en natuurlik die ingang na die kasteel. Dis waarheen ons nou oppad is. Die toegang is peperduur, £11 per persoon (X 12 vir ons natuurlik) ... **Ons toegang na die Hemel is heeltemal gratis, onthou ek dan. Jesus Christus het mos self die prys vir ons betaal. Met Sy kosbare Bloed! ... Persoonlike besittings word eers op ‘n voerband deur x-straal oë gestuur – dan is ons binne die kasteelgrond.**

**Op regterkant is ‘n reeks vertrekke wat die geskiedenis van die kasteel uitbeeld. Die kasteel is die oudste koninklike woning, en sekere gedeeltes dateer so vroeg as 1080! Die kasteel wat onder andere die koninklike paleis, ‘n kerk en reeks woonkwartiere van die werkers insluit, is ongeveer 5 hektaar groot! Die fondasie en konstruksie was eers in hout gelê en eers in 1170, byna 100 jaar later, herbou met klip... Ek glimlag. Jesus het mos gesê daar waar Hy heen gaan is daar ook baie wonings, en as dit nie so was nie, sou Hy dit vir ons gesê het. Hy het mos teruggegaan om vir ons elkeen ‘n plek te berei, vir my ook! Dit het ‘n baie hoë muur met 12 poorte, elkeen van die poorte uit een pêrel. En by die 12 poorte, 12 engele. Die poorte word nooit gesluit nie. Die straat van die stad, suiwer goud, soos deurskynende glas.**

**Daar is ook 'n suiwer rivier van die Water van die Lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. Die vierkantige stad se lengte is so groot soos sy breedte – 1500 myl! Sy muur 144 el, die maat van 'n Engel! ... My oë gaan oor die gesigte en inligting voor my, maar ek neem niks in nie. As ek voor die volgende inligtingsbord staan, weet ek nie meer wat ek by die vorige een gelees het nie. Al wat ek vaagweg registreer is elkeen se bydrae tot die aanbou van die kasteel en sy toevoeging tot die koninklike skatte. My gedagtes dwaal weer weg... Die boustof van sy muur is jaspis (hoe sou jaspis lyk, wonder ek), en die stad was suiwer goud, soos glas. Die fundamente van die muur van die stad is versier met allerhande edelgesteentes. Die eerste jaspis, tweede saffier, die derde chalcedoon (nog nooit gesien nie), die vierde smarag, die vyfde sardoniks (weet ook nie hoe dit lyk nie), die sesde sarduis (en dit?), die sewende chrisoliet, die agste beril, die negende topaas, die tiende chrisopraas, die elfde hiasint en die twaalfde ametis!**

**..... My kop sing nou behoorlik. Ek kan my nie die prentjie voorstel nie. Ek weet dan nie eers hoe lyk die helfte van die stene nie! 'n Stad met 'n uitleg wat by geen mens nog ooit opgekom het nie en waaraan geen mens nog ooit gedink het nie! ...**

Ek lees verder: George III se vrou, Charlotte, het Winsor beskryf as die koudste, onpersoonlikste plek waar sy nog gewoon het. Ek bekyk haar foto. Sy moet van lotjie getik gewees het, dink ek. Of sy was dalk nie warm genoeg aangetrek nie! Sy woon in 'n kasteel, en dis haar kommentaar!

**..... En tog: en dink weer aan 'n Woning vol van die Heerlikheid (en warmte) van God, Sy lig soos die kristalhelder jaspissteen...**

**Op 20 November 1992, veroorsaak 'n sterk gloeilamp teen 'n gordyn, 'n brand in die noord-oostelike vleuel van die kasteel. Teen ongeveer £3,1 miljoen per uur, brand die kasteel onverpoos – 15 uur lank! Die skade 'n astronomiese £35 miljoen! Herstelwerk aan die kasteel word presies 5 jaar later voltooi – 20 November 1997! ... Hoe gelukkig is ons darem nie, om vir ons skatte bymekaar te maak waar geen mot of roes dit kan verniel nie. Wat nog te sê, 'n brand!**

**Ons is byna klaar met die geskiedenis. Ek gaan staan by die foto van 'n feestelik gedekte tafel. Blomme, silwer eetgerei en fyn porselein, wat uit die koninklike versamelaars se geskiedenis dateer, versier die tafel vir 50 – 60 gaste. Een of ander groot okasie in die “Waterloo Chamber”! Bo is 'n foto van bedrywige kokke en kombuispersoneel. Om my begin die mense saamdrom en vertrap mekaar. Hongerige oë slurp al die inligting voor hul op en veraf klink die gezoem van hul stemme... Ja, vir ons word daar ook op hierdie oomblik 'n fees voorberei! Die Hemel is in rep en roer! Hulle maak gereed vir die grootste Bruilof wat daar ooit sal wees! Dis die Bruilof van die Lam! En daar sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuns doen nie; maar net hulle wie se name geskrywe is in die Boek van die Lewe van die Lam! Hulle wie se klere wit gewas is in die Bloed van die Lam. Die Bruid van Christus! Ek is ook 'n genooide, deel van die Bruid van Christus! Hierdie fees word deur God self vir ons voorberei! ...**

**En dan is ons weer buite. Regs van ons is die “Round Tower” waarop die vlag van Engeland wapper as die “Queen” tuis is. Dis haar gunsteling woning. Daarom is sy nou, en elke ander moontlike privaat naweek, 'n week in Junie en die hele April hier tuis. Ons hang oor die muur om ons te vergaap aan die mooi tuin en watervalletjies. 'n Wag kyk ons kwaai aan toe ons verbyloop.**

**Ons loop al langs die Teems tot by die “State Apartments” en “Queen Mary’s Doll’s House”. Hierdie miniatuur-kasteelagtige pophuisie is 'n lus vir die oog en fasineer elkeen wat daarna kom kyk! Oud en jonk, klein en groot, man en vrou! Die pophuisie, wat 'n replika van die koninklike woning van die 19e eeu is, was 'n geskenk aan “queen Mary” in 1925 deur 'n groep mense as 'n “token of national goodwill” (wat dit ook al mag beteken), asook om fondse in te samel vir al haar welsynsprojekte wat haar so na aan haar hart gelê het. Die pophuisie, wat nogal net soos Buckinghampaleis lyk, het 40+ kamers en 4 vloere. Die detail, ongelooflik! Alles is op skaal van 1:12 vervaardig oor 'n tydperk van 3 jaar, deur 1500 vakmanne, skilders en skrywers, en werk regtig! Van die elektrisiteit en die warm en koue water in die pype, tot egte wyn onder in die kelder! O, ja, en moenie die hysbakke, die elektriese stofsuiers, die elektriese strykyster en die naaimasjien vergeet wat die linne in goeie kondisie moet hou nie! Tot die toilet in**

die koning se badkamer, spoel regtig! Die versameling van 700 skilderye is geskilder deur oorspronklike skilders, die boeke is geskryf deur skrywers van daardie tyd en bevat o.a. 'n paar Bybels, 'n Koran en die volledige werke van Shakespeare en nog baie meer. Te veel om hier te beskryf! ... **Ons Hemelwoning is geen miniatuur woningkie nie, maar egte werklikheid! En net soos daar nog nooit voorheen so 'n pophuis was nie, en ook nie weer sal wees nie, net so ons Hemelwoning ook!** Daar was nog nooit iets so wonderliks gesien of gebou nie, want Hy sê mos: wat by geen mens nog opgekom het of aanskou is nie! Die Bouer daarvan is God self!...

**Ons betree nou die “State Apartments”. Die volgende vertrek is kunstig versier met wapens wat so vroeg as George III (1789) dateer. Teen die mure vorm spiese en swaarde 'n diamantpatroon tot bo teen die dak. Aller lelikste krone (van verskillende heersers wat as geskenke gegee is), gewere, pistole en swaarde wat versier is met kosbare stene, 'n mantel van Napoleon en die koël wat Lord Nelson in 1805 te Trafalgar gedood het, word agter glaskaste ten toon gestel... Dit laat my dink aan die Wapenrusting van God waarsonder niemand van ons 'n dag behoort aan te durf nie! Sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel.. Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Daarom moet ons die volle wapenrusting van God opneem om weerstand te kan bied: ons lende met die Waarheid omgord, met die borswapen van geregtigheid aan, as skoene aan ons voete die bereidheid van die Vredes-evangelie. 'n Skild van die geloof om sodoende vurige pyle van die Bese uit te blus, die helm van verlossing en die swaard van die Gees (Woord van God) en dan natuurlik die volharding in gebed, vir almal, by elke geleentheid ...**

So vêr as wat ons deur die res van die vertrekke beweeg, staan ek elke keer opnuut verstom oor al die weelde! Uitgekerfde plafonne met goud beslaan, kristalhelder of ryk, goue kandelare verlig die vertrekke, dik weelderige gordyne hang van bo teen die plafon tot op die vloere, skilderye van konings en heersers met hulle families uit vergange se dae pryk teen die mure, meubels met die hand uitgekerf en met goud beslaan, oorgetrek met die rykste, koninklike kleure, te mooi om op te sit,

vul die vertrekke. En om mee af te rond, egte persiese, waardevolle handgeweefde tapyte, (waarop besoekers nie mag trap nie), saam met fyn porselein ornamente en marmer kaggels, rond elke vertrek foutloos af. Die “green Drawing Room”, die weelderigste, indrukwekkendste van hul almal! ... “Al die goud en al die silwer behoort aan My... Koningkryke en vorste sal voor My nie stand hou nie”, hoor ek Hom in my binneste sê...

In die “State Dining Room” probeer ‘n wag ons van sy adelijke afkoms oortuig. Aan moederskant, sê hy, tot so vêr as die 16e eeu..... My Pa IS die Koning en ons sal as konings en priesters op die aarde heers, dink ek, maar laat dit dan tog agterweë om die geleentheid te gebruik om iemand ook van Hom te vertel... En dan is ons in die troonkamer. Koningsblou en goud oorheers die vertrek met ‘n tapyt en stoele wat teenoor mekaar ‘n gang vorm na die troon toe. Koninklike wagte, mans en vroue, word hier deur die “Queen” ingewy. Die vertrek is nou leeg... Ek dink dan met blydschap aan die vrymoedigheid waarmee ons nou, deur Christus, tot in die Troonkamer van God kan ingaan. ‘n Troon wat nooit leeg is nie! ‘n Koning wat nooit moeg of mat raak nie en altyd tot ons beskikking is! Sy Troon kan ook nie oud en verweer raak, soos die Indiese troon (wat ‘n geskenk was) in een van die ander vertrekke nie... En Hy wat daarop sit het in Sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius, en rondom die troon was ‘n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos smarag, en voor die troon was daar ‘n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens wat dag en nag, sonder ophou sê: Heilig, Heilig, Heilig is die Here God, die Almagtige, wat WAS, wat IS en wat KOM! ...

Ons beweeg na buite, en ek kyk vir oulaas na die kasteel!... “Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan wegneem nie! Aan hom wat oorwin, sal Ek gee die kroon van die Ewige Lewe! Honger en dors sal julle nie meer hê nie, ook nie dood, droefheid en geweën en moeite nie, God self sal die trane van jul oë afvee, want die eerste dinge het verbygegaan. Julle sal saam met My op my troon sit en as konings en priesters op die aarde heers. Ek sal vir julle ‘n God wees, en julle sal My seuns en dogters wees...”

In my hart jubel ek:

O, Hemelland, skoon Hemelland  
**Ek staan hier op 'n hoë rand**  
en sien daar oor die glasse see  
paleise wat Hy my gaan gee  
ek sien ook daardie goue strand  
my Hemelhuis daar anderkant!...

Johannes 14:1-3

Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

---

## Nabetragting.....

Voordat ons Jesus ontmoet, is dit winter in ons lewens, koud en donker. Maar sodra ons Jesus ontmoet vul Hy ons lewe met sy lig en warmte. Jesus het vir ons die prys betaal met sy bloed. Nadat hy die prys kom betaal het, is hy terug hemel toe. Daar is **hy besig om vir elkeen van ons 'n fees en 'n hemelwoning voor** te berei. Maar terwyl die gebeure in die hemel aan die gang is, is ons besig met ons lewe hier op aarde, volgens die baie belangrike lewenswet van saai en maai. Hoe ons hier op aarde leef, bepaal wat ons eendag in die hemel gaan oes. Dis skatte wat ons besig is om vir onself bymekaar te maak in die hemel waar geen mot of roes dit kan verniel nie. So, al is God self die bouer van ons hemelwoning, stuur ons elkeen self ons boustene op hemel toe.

Maar ons lewe hier op aarde is glad nie maklik nie. Elke dag is **'n stryd teen die duiwel en sy bouse magte. Ons moet elke oom-**



blik van die dag in die waarheid van God se woord wandel en reg leef. Ons moet in vrede met mekaar, en ander, leef. Ons moet ons geloof elke dag bou, by elke geleentheid, onself herinner dat ons nou verlos is, en daarvolgens leef deur die innerlike mens te vernuwe, deur die woord van God. En dan natuurlik volhard in gebed vir ander en vir onself.

Want sien, die wereld daar buite is soms baie aantreklik, vol verleidelikhede en misleiding. Dis hoekom ons elke dag met vrymoedigheid in kontak moet bly met die hemelse troonkamer, deur Jesus Christus. Dit is al manier hoe ons kan oorleef, die oorwinning verkry, en kan vashou aan die kroon van die ewige lewe. Want daarna sal daar nooit weer stryd wees nie. Ons sal nooit weer honger of dors kry nie, geen dood, droefheid of tranes nie. Die stryd is dan vir altyd verby. In die hemel sal Hy ons **God wees, en ons sal sy seuns en dogters wees vir ewig.....**

---

Uitgegee en saamgestel deur:  
Johan Jooste  
Cell: 073 509 1628



Kristal



Ametis



Jaspis



Beril




Topaas



Chalcedoon



Saffier



Chrisoliet



Smarag



Chrisopraas



Sardoniks



Hiasint



Sardius



